



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

LEENKOSTE (AERP 5) (HERSIEN 2013)

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Borrowing Costs* wat uitgegee is deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB). Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Borrowing Costs* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is gevestig in die IFAC en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Die Hoof Uitvoerende Beampte

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Faks: +2711 697 0666

E-posadres: info@asb.co.za

Kopiereg © 2013 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Leenkoste

Inleiding

Doelstelling .01

Omvang .02 - .03

Woordomsrywings .04 - .09

Leenkoste .05

Kwalifiserende bates .06

Leenkoste – Normbehandeling .07 - .09

Erkenning .07 - .08

Openbaarmaking .09

Leenkoste – Toegelate alternatiewe hantering .10 - .33

Erkenning .10 – 13

Leenkoste wat vir kapitalisasie kwalifiseer .14 - .22

Assessering van die drabedrag van die kwalifiserende bate vir afwaartse waardasie of afskrywing .23

Aanvang van kapitalisasie .24 - .26

Opskorting van kapitalisasie .27 – 28

Staking van kapitalisasie .29 - .32

Openbaarmaking .33

Oorgangsbepalings .34 - .37

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP .34

Wysigings aan Standaarde van AERP .35 - .37

Datum van inwerkingtrede .38 - .39

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP .38



AERP 5

Entiteite wat alreeds Standaarde van AERP toepas	.39
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Leenkoste</i> (2007)	.40
Grondslag vir gevolgtrekkings	
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Borrowing Costs</i> (Mei 2000)	

LEENKOSTE

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos omskryf in die WOFB);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem

Die Raad het die toepassing van Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP), soos gekodifiseer deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke en uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters soos op 1 April 2012 om AERP te wees vir die volgende entiteite wat Standpunte van AARP toepas:

- (a) staatsakeondernemings (soos omskryf in die WOFB);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur om AERP te wees vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word uiteengesit in paragraaf .01 tot .58. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.



AERP 5

Standaard van AERP en Vertolkings van die Standaard van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgereik waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die inwerkingtredingsdatums van die Standaard van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide in die afwesigheid van uitdruklike leiding.

Doelstelling

- .01 Hierdie Standaard skryf die rekeningkundige behandeling van leenkoste voor. Die Standaard vereis in die reël die onmiddellike in rekening bring van leenkoste as 'n uitgawe maar laat, as 'n toegelate alternatiewe behandeling, die kapitalisering van leenkoste toe wat regstreeks toeskryfbaar is aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n kwalifiserende bate.

Omvang

- .02 ***'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas wanneer leenkoste in rekening gebring word.***
- .03 Hierdie Standaard handel nie oor die werklike of toegerekende koste van netto bates nie. Waar 'n kapitaalkoste op individuele entiteite toegepas word, sal geoordeel moet word of die kapitaalkoste voldoen aan die omskrywing van leenkoste en of dit behandel moet word as 'n werklike of toegerekende koste van netto bates.

Woordomskrywings

- .04 ***Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:***
- Leenkoste is rente en ander uitgawes aangegaan deur 'n entiteit in verband met die leen van fondse.***
- Kwalifiserende bate is 'n bate wat noodsaaklikerwys 'n aansienlike hoeveelheid tyd in beslag neem om gereed gemaak te word vir die bestemde gebruik of verkoop daarvan.***
- Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard gebruik met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde.***

Leenkoste

- .05 Leenkoste mag insluit:
- (a) rente-uitgawe bereken met gebruik van die effektiwerente-metode soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*;
 - (b) finansieringskoste ten opsigte van bruikhuurkontrakte en dienskonsessiereëlins; en
 - (c) valutaverskille wat voortspruit uit valutalenings, in die mate waarin hulle beskou word as aansuiwering van rentekoste.

Kwalifiserende bates

- .06 Na gelang van die omstandighede kan enigeen van die volgende kwalifiserende

bates wees:

- (a) kantoorgeboue;
- (b) hospitale;
- (c) infrastruktuurbates soos paaie, brûe en kragopwekkingsfasiliteite;
- (d) ontasbare bates;
- (e) eiendomme wat selfgebooue items van eiendom, aanleg en toerusting sal word sodra hul konstruksie of ontwikkeling voltooi is;
- (f) beleggingseiendomme wat herontwikkel word, gemeet teen kosprys; en
- (g) voorraad.

Finansiële bates en voorraad wat oor 'n kort tydperk geproduseer word, is nie kwalifiserende bates nie. Bates wat gereed is vir hul beoogde gebruik of verkoop wanneer hulle verkry word, is ook nie kwalifiserende bates nie.

Leenkoste — Normbehandeling

Erkenning

- .07 'n Entiteit moet alle leenkoste as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin sodanige koste aangegaan is.**
- .08 Ooreenkomstig die normbehandeling word leenkoste as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan is, ongeag hoe die lenings toegepas word.

Openbaarmaking

- .09 'n Entiteit moet die rekeningkundige beleid wat vir leenkoste aanvaar is, openbaar maak.**

Leenkoste — Toegelate alternatiewe hantering

Erkenning

- .10 'n Entiteit moet leenkoste as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word, behalwe in die mate waarin dit gekapitaliseer is ooreenkomstig paragraaf 11.**
- .11 'n Entiteit moet leenkoste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n kwalifiserende bate as deel van die koste van daardie bate erken. Die bedrag van leenkoste wat vir kapitalisasie kwalifiseer, moet ooreenkomstig hierdie Standaard vasgestel word.**
- .12 Ooreenkomstig die toegelate alternatiewe behandeling is leenkoste wat regstreeks aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n bate toeskryfbaar is, ingesluit in

die koste van daardie bate. Sodanige leenkoste word gekapitaliseer as deel van die koste van die bate wanneer (a) dit waarskynlik is dat dit toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vir die entiteit sal inhou, en (b) die koste betroubaar gemeet kan word. Ander leenkoste word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin sodanige koste aangegaan word. Wanneer 'n entiteit die Standaard van AERP oor *Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë* toepas, erken hy as 'n uitgawe daardie deel van leenkoste wat gedurende dieselfde tydperk ooreenkomstig paragraaf .22 van daardie Standaard vir inflasie vergoed.

- .13 *Waar 'n entiteit die toegelate alternatiewe behandeling aanvaar, moet daardie behandeling konsekwent toegepas word op alle leenkoste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die verkryging, konstruksie of produksie van alle kwalifiserende bates van die entiteit.***

Leenkoste wat vir kapitalisering kwalifiseer

- .14** Die leenkoste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n kwalifiserende bate, is daardie leenkoste wat vermy sou kon word indien die uitgawes aan die kwalifiserende bate nie aangegaan sou gewees het nie. Wanneer 'n entiteit fondse leen spesifiek met die doel om 'n bepaalde kwalifiserende bate te verkry, kan die leenkoste wat regstreeks op daardie kwalifiserende bate betrekking het, geredelik uitgeken word.
- .15** Dit mag moeilik wees om 'n regstreekse verband tussen bepaalde lenings en 'n kwalifiserende bate te identifiseer, en om vas te stel watter lenings andersins vermy sou kon word. So 'n probleem ontstaan byvoorbeeld wanneer die finansieringsaktiwiteit van 'n entiteit sentraal gekoördineer word. Probleme ontstaan ook wanneer 'n ekonomiese entiteit 'n verskeidenheid skuldinstrumente gebruik om fondse teen verskillende rentekoerse te leen, en daardie fondse op verskillende grondslae na ander entiteite in die ekonomiese entiteit oordra. Fondse wat sentraal geleen is, mag na ander entiteite binne die ekonomiese entiteit oorgedra word as 'n lening, 'n oordrag of 'n bydrae van eienaars. Sodanige oordragte mag rentevry wees, of dit mag nodig wees om slegs 'n gedeelte van die werklike rentekoste te verhaal. Ander komplikasies ontstaan deur die gebruik van lenings wat in buitelandse valuta gedenomineer of daaraan gekoppel is, indien die ekonomiese entiteit in hoogs inflasionêre ekonomieë bedrywig is, asook as gevolg van van skommelings in wisselkoerse. Gevolglik is dit moeilik om die bedrag van die leenkoste vas te stel wat regstreeks aan die verkryging van 'n kwalifiserende bate toeskryfbaar is, en verg dit besondere oordeel.
- .16** ***In die mate waarin 'n entiteit fondse spesifiek leen met die doel om 'n kwalifiserende bate te bekom, moet die entiteit die bedrag van leenkoste wat vir kapitalisasie kwalifiseer, vasstel as die werklike leenkoste wat gedurende die tydperk aan daardie lening aangegaan is, min enige beleggingsinkomste op die tydelike belegging van daardie lenings.***
- .17** Die finansieringsreëlins vir 'n kwalifiserende bate mag tot gevolg hê dat 'n entiteit geleende fondse bekom en gepaardgaande leenkoste aangaan voordat 'n deel van of al die fondse gebruik word vir uitgawes aan die kwalifiserende bate. In sulke

omstandighede word die fondse dikwels tydelik belê in afwagting van hul uitgawe aan die kwalifiserende bate. By die vasstelling van die leenkostebedrag wat gedurende 'n tydperk vir kapitalisasie kwalifiseer, word enige beleggingsinkomste wat op sulke fondse verdien word, afgetrek van die leenkoste wat aangegaan word.

- .18** *In die mate waarin 'n entiteit fondse oor die algemeen leen en dit gebruik met die doel om 'n kwalifiserende bate te bekom, moet die entiteit die leenkostebedrag wat vir kapitalisasie kwalifiseer, vasstel deur 'n kapitalisasiekoers op die uitgawe aan daardie bate toe te pas. Die kapitalisasiekoers is dan die geweegde gemiddelde van die leenkoste van toepassing op die lenings aangegaan deur die entiteit wat gedurende die tydperk uitstaande is, uitgesonderd ander skuld wat spesifiek vir doeleindes van die verkryging van 'n kwalifiserende bate aangegaan is. Die leenkostebedrag wat 'n entiteit gedurende 'n tydperk kapitaliseer, mag nie die leenkostebedrag oorskry wat gedurende daardie tydperk aangegaan is nie.*
- .19** Slegs daardie leenkoste wat van toepassing is op die lenings wat deur die entiteit, aangegaan is, mag gekapitaliseer word. Wanneer 'n beherende entiteit fondse leen wat aan 'n beheerde entiteit deurgegee is met geen, of slegs gedeeltelike, toedeling van leenkoste nie, mag die beheerde entiteit slegs daardie leenkoste kapitaliseer wat hyself aangegaan het. Waar 'n beheerde entiteit 'n rentevrye kapitaalbydrae of kapitaaltoekenning ontvang, sal dit nie enige leenkoste oploop nie, en sal gevolglik nie enige sodanige koste kapitaliseer nie.
- .20** Indien 'n beherende entiteit fondse teen gedeeltelike koste oordra aan 'n beheerde entiteit, mag die beheerde entiteit daardie gedeelte van die leenkoste kapitaliseer wat hyself aangegaan het. In die finansiële state van die ekonomiese entiteit kan die volle bedrag van die leenkoste teen die kwalifiserende bate gekapitaliseer word, mits geskikte konsolidasie-aansuiwerings gemaak word om daardie koste wat deur die beheerde entiteit gekapitaliseer is, uit te skakel.
- .21** Indien 'n beherende entiteit fondse sonder enige koste aan 'n beheerde entiteit oorgedra het, voldoen nóg die beherende entiteit nóg die beheerde entiteit aan die maatstawwe vir die kapitalisasie van leenkoste. Indien die ekonomiese entiteit egter voldoen het aan die maatstawwe vir die kapitalisasie van leenkoste, sou dit moontlik wees om die leenkoste na die kwalifiserende bate in sy finansiële state te kapitaliseer.
- .22** In sekere omstandighede is dit toepaslik om alle lenings wat die beherende entiteit en sy beheerde entiteite aangegaan het, in te sluit wanneer 'n geweegde gemiddelde van die leenkoste bereken word. In ander omstandighede is dit vir elke beheerde entiteit toepaslik om 'n geweegde gemiddelde van die leenkoste wat op sy eie lenings van toepassing is, te gebruik.

Evaluering van die drabedrag van die kwalifiserende bate vir afwaardasie of afskrywing

- .23** Indien die drabedrag van die verwagte uiteindelijke koste van die kwalifiserende bate sy verhaalbare bedrag, verhaalbare diensbedrag, netto realiseerbare waarde of

vervangingskoste oorskry (na gelang van die aard van die bate), word die drabedrag afwaardeer of afgeskryf in ooreenstemming met die vereistes van die Standaarde van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*, *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* en *Voorraad*. In sekere omstandighede word die bedrag van die afwaardasie of afskrywing ooreenkomstig daardie Standaarde van AERP teruggeskryf.

Aanvang van kapitalisasie

.24 'n Entiteit moet op die aanvangsdatum begin met die kapitalisasie van leenkoste as deel van die koste van 'n kwalifiserende bate. Die aanvangsdatum vir kapitalisasie is die datum waarop 'n entiteit vir die eerste keer aan al die volgende voorwaardes voldoen:

- (a) hy gaan uitgawes vir die bate aan; en**
- (b) hy gaan leenkoste aan.**

Hy onderneem aktiwiteite wat nodig is om die bate voor te berei vir sy beoogde gebruik of verkoop.

.25 Uitgawes aan 'n kwalifiserende bate behels slegs daardie uitgawes wat tot betalings van kontant, oordragte van ander bates of die aangaan van rentedraende laste lei. Die gemiddelde drabedrag van die bate gedurende 'n tydperk, met inbegrip van leenkoste voorheen gekapitaliseer, is normaalweg 'n redelike benadering van die uitgawes waarop die kapitalisasiekoers in daardie tydperk toegepas word.

.26 Die aktiwiteite wat nodig is om die bate voor te berei vir sy beoogde gebruik of verkoop behels meer as die fisiese konstruksie van die bate. Dit sluit tegniese en administratiewe werk voor die aanvang van fisiese konstruksie in, soos die aktiwiteite geassosieer met die verkryging van permitte. Sulke aktiwiteite sluit egter die besit van 'n bate uit wanneer daar geen produksie of ontwikkeling plaasvind wat die bate se toestand verander nie. So byvoorbeeld word leenkoste wat aangegaan word terwyl grond ontwikkel word, gekapitaliseer gedurende die tydperk waarin aktiwiteite wat met die ontwikkeling verband hou, onderneem word. Die leenkoste aangegaan terwyl grond wat vir boudoeleindes verkry word, gehou word sonder dat daar enige verbandhoudende ontwikkelingsaktiwiteit plaasvind, kwalifiseer egter nie vir kapitalisasie nie.

Opskorting van kapitalisasie

.27 'n Entiteit moet kapitalisering van leenkoste opskort gedurende langer tydperke waarin hy aktiewe ontwikkeling van 'n kwalifiserende bate opskort.

.28 'n Entiteit mag leenkoste aangaan gedurende 'n lang tydperk waarin hy die aktiwiteite opskort wat nodig is om 'n bate vir sy beoogde gebruik of verkoop voor te berei. Sodanige koste is die koste van die besit van gedeeltelik voltooide bates en kwalifiseer nie vir kapitalisasie nie. 'n Entiteit skort normaalweg nie kapitalisasieleenkoste op gedurende 'n tydperk waarin hy aansienlike tegniese en administratiewe werk uitvoer nie. 'n Entiteit skort ook nie kapitalisasieleenkoste op wanneer 'n tydelike vertraging 'n noodsaaklike deel is van die proses van gereedmaking van 'n bate vir sy beoogde gebruik of verkoop nie. So byvoorbeeld duur kapitalisasie voort gedurende die lang tydperk waarin hoogwatervlakke die bou van 'n brug vertraag, indien sodanige hoë watervlakke gedurende die konstruksie tydperk algemeen in die betrokke geografiese streek voorkom.

Staking van kapitalisasie

- .29 'n Entiteit moet kapitalisasieleenkoste opskort wanneer al die aktiwiteite wat nodig is om die kwalifiserende bate vir sy beoogde gebruik of verkoop voor te berei, wesenlik afgehandel is.**
- .30 'n Bate is normaalweg gereed vir sy beoogde gebruik of verkoop wanneer die fisiese konstruksie van die bate afgehandel is, al gaan roetine- administratiewe werk steeds voort. Indien nog net geringe modifikasies soos die versiering van 'n eiendom volgens die koper of gebruiker se spesifikasies uitstaande is, is dit 'n aanduiding dat al die aktiwiteite wesenlik voltooi is.**
- .31 Wanneer 'n entiteit die konstruksie van 'n kwalifiserende bate in dele voltooi en elke gedeelte bruikbaar is terwyl die konstruksie van ander gedeeltes voortduur, moet die entiteit ophou met die kapitalisasie van leenkoste wanneer hy wesenlik al die aktiwiteite afhandel wat nodig is om daardie deel vir beoogde gebruik of verkoop voor te berei.**
- .32 'n Kantoorgebou-ontwikkeling wat bestaan uit afsonderlike geboue wat elkeen individueel gebruik kan word, is 'n voorbeeld van 'n kwalifiserende bate waarvan elke gedeelte bruikbaar is terwyl bouwerk aan ander gedeeltes voortduur. Voorbeelde van kwalifiserende bates wat voltooi moet wees voordat enige gedeelte gebruik kan word, sluit in 'n operasiesaal in 'n hospitaal waar alle bouwerk afgehandel moet wees voordat die teater gebruik mag word; 'n rioolsuiweringsaanleg waar verskillende prosesse in 'n bepaalde volgorde uitgevoer word by verskillende dele van die aanleg; en 'n brug wat deel van 'n hoofweg uitmaak.**

Openbaarmaking

- .33 'n Entiteit moet die volgende openbaar maak:**
- (a) die rekeningkundige beleid wat vir leenkoste aanvaar is;**
 - (b) die leenkostebedrag wat gedurende die tydperk gekapitaliseer is;**
 - (c) die kumulatiewe leenkostebedrag wat by die drabedrag van kwalifiserende bates ingesluit is; en**
 - (d) die kapitalisasiekoers wat gebruik word om die leenkostebedrag vas te stel wat vir kapitalisasie kwalifiseer (waar dit nodig was om 'n kapitalisasiekoers toe te pas op fondse wat in die algemeen geleen word).**

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaard van AERP

- .34 Die oorgangsbepalings wat entiteite by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard moet toepas, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet saam met elke toepaslike lasgewing**



AERP 5

gelees word.

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .35** *Die wysigings aan hierdie Standaard van AERP uitgegee in Februarie 2013, wat voorsiening maak vir die in rekening bring as 'n uitgawe of die kapitalisasie van leenkoste, moet behoudens paragraaf .39 vooruitwerkend toegepas word.*
- .36** *Leenkoste wat aangegaan word voor en ná die datum van inwerkingtrede van hierdie wysiging en verband hou met kwalifiserende bates waarvoor die aanvangsdatum vir kapitalisasie voor die datum van inwerkingtrede van hierdie Standaard val, moet binne die raamwerk van die entiteit se vorige rekeningkundige beleide erken word.*
- .37** *Waar die aanvaarding van hierdie wysigings lei tot 'n verandering in rekeningkundige beleid, moet 'n entiteit hierdie feit in sy rekeningkundige beleide openbaar maak, tesame met voldoende inligting omtrent die besonderhede en datums van die verandering.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .38** *Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk word van krag vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .39** *'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP wat in Februarie 2013 uitgegee is, toepas op finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2014 begin.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Leenkoste (2007)

- .40** *Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor Leenkoste wat in 2007 uitgegee is.*

Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings verskaf die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die aanvaarding of verwerping van bepaalde oplossings wat verband hou met die in rekening bring van leenkoste. Die grondslag vir gevolgtrekkings vergesel die Standaard van AERP oor Leenkoste, maar is nie deel daarvan nie.

Agtergrond

- BC1. Die Standaard van AERP oor *Leenkoste* (AERP 5) is oorspronklik in Julie 2007 deur die Raad uitgegee. Ten tye van die ontwikkeling van hierdie Standaard was daar twee internasionale uitsprake beskikbaar waarin rekeningkundige vereistes vir leenkoste voorgeskryf is:
- IAS 23 *Borrowing Costs* (soos hersien in Maart 2007) wat die kapitalisasie vereis van leenkoste wat met kwalifiserende bates verband hou, en die in rekening bring as 'n uitgawe van alle ander leenkoste; en
 - IPSAS 5 (soos uitgegee in Mei 2000) waarin, as die norm van rekeningkundige behandeling, vereis word dat alle leenkoste as 'n uitgawe in rekening gebring word en, as alternatief, die kapitalisasie van leenkoste op kwalifiserende bates toelaat.
- BC2. By die ontwikkeling van AERP 5 is IAS 23 in plaas van IPSAS 5 *Borrowing Costs* gebruik, aangesien daarin die heel jongste denke oor die hantering van leenkoste weergegee word. Sedert die uitreiking van AERP 5 het 'n aantal ontwikkelings, sowel internasionaal as plaaslik, die Raad daartoe gelei om sy posisie oor die hantering van leenkoste te heroorweeg.
- BC3. Gedurende 2008 het die IPSASB 'n konsep vir kommentaar uitgegee waarin voorgestel is dat IPSAS 5 belyn word met die vereistes van die hersiene IAS 23. Talle van die respondente wat op die konsep vir kommentaar gereageer het, het nie die kapitalisering van leenkoste in verband met kwalifiserende bates ondersteun nie, omdat:
- (a) dit nie altyd moontlik is om lenings te koppel aan bepaalde bates nie, aangesien regerings en ander openbaresektorentiteite dikwels sentraal leen in 'n poging om 'n algehele tekort in hul befondsing te dek; en
 - (b) dit konseptueel onvanpas is dat die koste van bates verskil na gelang van die manier waarop hulle gefinansier word.
- BC4. As gevolg van die moontlike konseptuele vraagstukke wat met die kapitalisasie van leenkoste verband hou, het die IPSASB ingestem om nie enige wysigings aan IPSAS 5 aan te bring om dit met IAS 23 in ooreenstemming te bring nie en het in plaas daarvan ingestem om hierdie aangeleentheid te oorweeg sodra die Konseptuele Raamwerk daarvan voltooi is of genoegsaam gevorderd is.
- BC5. In 2009 het die IASB die IFRS vir *Small and Medium-sized Entities* (IFRS for SMEs) uitgegee waarin vereis word dat leenkoste as 'n uitgawe in rekening gebring word. Die hoofrede vir hierdie benadering was gegrond op koste-voordeel-oorwegings.
- BC6. In 2010 het die Raad Besprekingsdokument 6, *Die Proses vir die Ontwikkeling van Standaarde van AERP*, uitgegee waarin gevra is vir insette oor die verpligte proses

wat deur die Raad gevolg word in die ontwikkeling van Standaarde van AERP en ander uitsprake. Respondente wat op hierdie besprekingsdokument gereageer het, het aangedui dat die Raad die vermindering van gekompliseerdheid behoort te oorweeg in die ontwikkeling van sy standaarde en ander uitsprake. As gevolg daarvan het die Raad sy verpligte proses in die Voorwoord by die Standaarde van AERP aangepas deur daarop te wys dat by die oorweging van die toepaslikheid van 'n internasionale standaard daar aandag geskenk sal word aan die moontlike vereenvoudiging van die beginsels in daardie Standaard met die oog op die vermindering van voldoeningskoste, terwyl daar nog steeds inligting van gehalte verskaf word.

Wysiging van die rekeningkundige behandeling van leenkoste

Erkenning van alle leenkoste

- BC7. As gevolg van die uitreiking van die IFRS for SMEs is die Raad deur sy lede versoek om die toepaslikheid van die vereenvoudigings in hierdie standaard vir die openbare sektor te oorweeg. Die Raad het Besprekingsdokument 5, *Vergelyking van die Standaarde van AERP met die IFRS vir KMO's*, uitgegee met 'n versoek om menings oor onder andere die voorstel in die IFRS dat KMO's alle leenkoste as 'n uitgawe in rekening moet bring. Talle van die respondente het hierdie voorstel gesteun en opgemerk dat die in rekening bring van leenkoste as 'n uitgawe eenvoudiger en konseptueel meer toepaslik is, aangesien dit nie tot gevolg het dat bepaalde bates meer kos omdat hulle deur lenings gefinansier word nie. Van die respondente het ook opgemerk dat die vereiste dat alle leenkoste as 'n uitgawe in rekening moet gebring word word, die vergelykbaarheid van entiteite se finansiële state in die hand sal werk.
- BC8. Die Raad het ook die aard van en doel waarvoor bates in die openbare sektor gehou word, oorweeg. Aangesien die meeste bates in die openbare sektor vir hul dienspotensiaal gehou word, is beslis dat die waardasie van sulke bates nie leenkoste sou insluit nie.
- BC9. Op grond van die kommentaar wat oor Besprekingsdokument 5 ontvang is en die Raad se verbintenis tot die vereenvoudiging van beginsels waar ook al toepaslik, het die Raad in die konsep vir kommentaar (ED 99) voorgestel dat alle leenkoste as 'n uitgawe in rekening gebring moet word. Die Raad was ook van mening dat omdat die norm rekeningkundige hantering kragtens IPSAS 5 vereis dat leenkoste as 'n uitgawe in rekening gebring moet word, hierdie verandering in benadering die Standaarde van AERP meer in ooreenstemming met die IPSAS'e sou bring.
- BC10. Respondente se menings oor die konsep vir kommentaar was gemeng. Die meeste respondente was ten gunste daarvan dat die in rekening bring van leenkoste as 'n uitgawe die enigste toelaatbare rekeningkundige behandeling behoort te wees, terwyl baie aangedui het dat entiteite toegelaat behoort te word om die rekeningkundige beleid te kies, naamlik deur leenkoste óf as 'n uitgawe in rekening te bring óf te kapitaliseer.
- BC11. Die respondente wat die in rekening bring van leenkoste as 'n uitgawe ondersteun het, het opgemerk dat hulle saamstem met die Raad se konseptuele redenasie dat bates nie meer behoort te kos omdat hulle deur middel van lenings gefinansier is nie. Talle respondente het ook die in rekening bring van leenkoste as 'n uitgawe

ondersteun vanweë die eenvoud daarvan, hetsy vir opstellers om toe te pas of vir gebruikers om te verstaan.

- BC12. Die respondente wat ten gunste was van die toelaatbaarheid van die keuse van 'n rekeningkundige beleid, het aangevoer dat die leenkoste wat ten opsigte van kwalifiserende bates aangegaan word, regstreeks verband hou met die koste van die bate. As rede daarvoor is aangevoer dat hierdie koste nie andersins aangegaan sou word nie, dat leenkoste vergelykbaar is met ander transaksiekoste en dat dit deel behoort uit te maak van die aanvangskoste van die bate. Daardie respondente het ook aangedui dat die kapitalisasie van leenkoste waardevolle inligting aan gebruikers verskaf oor toekomstige befondsingsbesluite ten opsigte van die vervanging van 'n bate.
- BC13. Aangesien respondente se sieninge gepolariseer was, het die Raad ander faktore oorweeg by die besluit of entiteite toegelaat behoort te word om leenkoste te kapitaliseer. In die besonder is oorweging geskenk aan die volgende:
- (a) Die ooreenstemmende IPSAS laat entiteite 'n keuse van die in rekening bring van leenkoste as 'n uitgawe of die kapitalisering van leenkoste. Derhalwe sal die toelating van 'n keuse van rekeningkundige beleid die Standaard van AERP meer met die IPSAS in ooreenstemming bring.
 - (b) Die Raad doen tans navorsing oor die toepaslike rekeningkundige raamwerk vir staatssakeondernemings (SSO's). SSO's pas tans IFRS'e of Standpunte van AARP toe wat die kapitalisering van leenkoste as vereiste stel. Indien die Raad die in rekening bring van leenkoste as 'n uitgawe in die Standaard van AERP sou vereis, mag dit neerkom op 'n beduidende verskil in rekeningkunde as SSO's in die toekoms Standaard van AERP sal moet toepas.
 - (c) Die huidige praktyk onder entiteite skyn uiteenlopend te wees. Om entiteite toe te laat om 'n keuse van rekeningkundige beleid uit te oefen sal aan die Raad bykomende tyd verleen om 'n na-implementeringsopname van die Standaard te maak om te bepaal watter praktyk of beleid die meeste in die sektor voorkom. Dit kan in die toekoms lei tot die uitskakeling van een van die alternatiewe.
- BC14. Op grond van die faktore wat hierbo vermeld word, het die Raad dit oorweeg om entiteite 'n keuse van rekeningkundige beleid toe te laat, hetsy die in rekening bring van leenkoste as 'n uitgawe of die kapitalisasie van leenkoste. Die Raad het egter opgemerk dat bykomende openbaarmaking oor die kumulatiewe leenkoste nodig sou wees om seker te maak dat gebruikers in staat is om aansuiwerings te maak aan die bedrae waarvoor in die finansiële state verslag gedoen word om vergelykbaarheid te verseker.

Openbaarmaking

- BC15. Tydens die Raad se bespreking oor die vergunning aan entiteite van 'n keuse van rekeningkundige beleid vir die hantering van leenkoste is in gedagte gehou dat vergelykbaarheid tussen entiteite in die gedrang mag kom. As gevolg daarvan het die Raad ooreengekom dat indien 'n entiteit dit verkies om leenkoste te kapitaliseer, hy die kumulatiewe leenkoste wat teen kwalifiserende bates gekapitaliseer is, openbaar moet maak. Dit behoort gebruikers in staat te stel om die bedrae waarvoor in die finansiële state verslag gedoen word, aan te suiwer, wat hulle vergelykbaar sal maak met entiteite wat in rekening bring van leenkoste as 'n uitgawe. Die Raad het ooreengekom dat, ter wille van die relevantheid van sodanige inligting, die bedrag

wat openbaar gemaak moet word, die oorblywende drabedrag van die leenkoste ingesluit in die onderskeie kwalifiserende bates moet verteenwoordig.

Oorgangsbepalings

- BC16. Die Raad het dit oorweeg of van entiteite verwag behoort te word om die wysigings aan hierdie Standaard terugwerkend of vooruitwerkend toe te pas. Die Raad het ooreengekom dat die terugwerkende toepassing van die vereistes veeleisend sou wees. Daar is voorts ooreengekom dat, ten einde in ooreenstemming te bly met sy beslissing om die vereistes van die Standaarde waar enigsins toepaslik te vereenvoudig en die uitgawes verbonde aan voldoening te verminder, die Raad goedkeur dat die vooruitwerkende toepassing van die wysigings meer geskik sal wees.
- BC17. By die oorweging van die uitwerking van vooruitwerkende toepassing van die wysigings het die Raad die vereistes in AERP 3 *Rekeningkundige Beleide, Veranderings in Rekeningkundige Ramings en Foute* in ag geneem. “Vooruitwerkende toepassing” beteken toepassing van die nuwe rekeningkundige beleid op transaksies, ander gebeure en omstandighede wat plaasvind ná die datum waarop die beleid verander word. Die gevolg van die vooruitwerkende toepassing van die wysigings op die Standaard is dat, indien enige bates voldoen het aan die maatstawwe om as “kwalifiserende bates” geklassifiseer te word voor die datum van inwerkingtrede van die wysigings, die rekeningkundige beleid vir sulke bates onveranderd bly. Dit beteken dat geen aansuiwerings gemaak moet word aan enige leenkoste wat aangegaan is ten opsigte van bates waar die konstruksie daarvan voor die inwerkingtredingsdatum van die wysigings afgehandel is nie. Insgelyks, indien ’n kwalifiserende bate in die proses is om gebou te word voor die datum van inwerkingtrede van die wysigings, moet ’n entiteit voortgaan om leenkoste te kapitaliseer tot tyd en wyl die aktiwiteite wat nodig is om die kwalifiserende bate vir sy beoogde gebruik of verkoop voor te berei, afgehandel is. In sodanige omstandighede gaan ’n entiteit voort met die toepassing van sy bestaande rekeningkundige beleid gegrond op die vorige weergawe van AERP 5 uitgegee in Julie 2007 ten opsigte van die kapitalisasie van leenkoste op sodanige bates.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Borrowing Costs* (Mei 2000)

Die Standaard van AERP oor *Leenkoste* berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Borrowing Costs* (IPSAS 5). Die belangrikste verskille tussen IPSAS 5 en die Standaard van AERP oor *Leenkoste* is soos volg:

- Die omvang van hierdie Standaard verskil van dié van IPSAS 5 deurdat staatsakeondernemings anders omskryf word.
- By hierdie Standaard is bepaalde veranderings geïnkorporeer wat aangebring is deur die hersiene weergawe van die International Accounting Standard oor *Borrowing Costs* (IAS 23) wat in Maart 2007 uitgegee is as deel van die IASB se gesamentlike korttermynkonvergensieprojek met die Financial Accounting Standards Board (FASB), maar sluit daardie wysigings uit wat die kapitalisasie van leenkoste as vereiste stel.
- Die Standaard vereis die openbaarmaking van die drabedrag van die kumulatiewe leenkoste wat in die koste van bates ingesluit is.
- Hierdie Standaard gebruik in sekere gevalle ander terminologie as dié in IPSAS 5. Die belangrikste voorbeelde hiervan is die gebruik in hierdie Standaard van die terme 'netto bates' en in die Engelse weergawe daarvan die term 'expenditure'. Die ekwivalente terme in IPSAS 5 is 'netto bates/ekwiteit' en 'outlays' onderskeidelik.
- Hierdie Standaard bevat nie oorgangsbepalings nie, aangesien hulle vervat is in lasgewings wat handel oor oorgangsbepalings vir alle Standaarde van AERP.